

Octave[®]

Registration No. / Registrasie Nr.: L3406 (Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947)

A fungicide formulated as a wettable powder for the control of certain diseases as indicated on apricots, plums, peaches, mangoes, mushrooms, seed potatoes and roses and for use in *Eucalyptus* nurseries.

'n Swamdoder geformuleer as 'n benatbare poeier vir die beheer van sekere siektes soos aangedui op appelkose, perskes, pruime, mango's, rose, sampioene en saadaartappels asook die gebruik in *Eucalyptus* kwekerye.

FUNGICIDE GROUP CODE

3

SWAMDODER GROEPKODE

Active ingredient:

Prochloraz manganese chloride complex
(imidazole) 500 g/kg

Aktiewe bestanddeel:

Prochloras mangaanchloried kompleks
(imidasool)

NET CONTENTS:
NETTO INHOUD:

25 kg

**REGISTERED BY /
GEREGISTREER DEUR:**

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Co. Reg. No.: 1988/001451/07
P O Box / Posbus 44
Postnet Menlyn
Waterkloof Glen
0181

**For any emergency or poisoning
contact:
Griffon Poison Information Centre
(24 hrs)
+27-(0)-82-446-8946**

UN No. / VN Nr. 3077

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG



CAUTION
VERSIGTIG



Copyright © FMC, All rights reserved. [™] and [®] are trademarks of FMC Corporation or an affiliate.



WAARSKUWINGS:

INDIEN DIE GEWAS WAT BEHANDEL WORD VIR UITVOERDOELEINDES BENUT SAL WORD MOET DIE BETROKKE UITVOERORGANISASIE VIR VOORSKRIFTE RAKENDE ONTHOUDINGSPERIODES GERAADPLEEG WORD.

WANNEER HIERDIE PRODUK GEBRUIK WORD IN OOREENSTEMMING MET DIE AANBEVELINGS HIERIN UITEENGESIT, SAL DIE PLAASLIKE MRL's NIE OORSKRY WORD NIE. FMC KAN EGTER NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR UITVOERGEWASSE, WAT DIE MAKSIMUM RESIDUPERKE VAN ANDER LANDE OORSKRY NIE.

IN DIE GEVAL VAN GEWASSE WAT VIR PLAASLIKE GEBRUIK BESTEM IS, MOET DIE VOLGENDE PERIODE TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES GELAAT WORD

SAMPIOENE 14 DAE
APPELKOSE, PERSKES, PRUIME, MANGO'S: MOENIE NA 100% BLOMBLAARVAL TOEDIEN NIE.

MOENIE BEHANDELDE AARTAPPELMOERE AS VOEDSEL OF VOER GEBRUIK NIE

Giftig indien ingesluk, ingeasem of deur kontak.

Kan oë irriteer.

Langdurige kontak sal velirritasie veroorsaak.

Giftig vir visse en natuurlewe.

Berg weg van oksideermiddels, hitte en bronne van ontvlamming, voedsel en voer.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Alhoewel **Octave®** op die meeste belangrike kultivars getoets is, met geen betekenisvolle simptome van fitotoksiteit in die vorm van oesverlagings, onder normale groeitoestande nie, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar 'n nuwe kultivar teëgekomp word, moet groot areas of groot volumes aartappelsaad nie behandel word voordat u **Octave®** op daardie kultivar getoets het nie.

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, GROEIMEDIUM-, KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE; KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER; VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE SIEKTES TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAAKHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMAATREËLS:

Moenie stof of sproei newel inasem nie.

Dra beskermende klere (gesigskerm, rubberhandskoene, stewels) tydens hantering en toediening van die produk.

Was besoedelde klere daaglik.

Was onmiddellik met seep en water na gebruik of velkontak.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.

Verhoed wegdrywing van die sproei newel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.

Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.

In die geval van lae volume behandeling moet die apparaat onmiddellik met voldoende skoon water uitgespoel word sodra behandeling gestaak word, om te verhoed dat blokkasie ontstaan wanneer die spuitmengsel droog word.

Skud al die plaagdoderformulasie uit die sak of kartondoos in die spuit- of mengtenk. Dop die sak of kartondoos se binnekant na buite uit. Hou die sak of kartondoos oor die spuit- of mengtenk en spoel vir dertig sekondes met lopende water. Skud die spoelwater in die tenk af. Spoel nog twee keer. Sny die sak of kartondoos in stukke en gooi weg volgens normale afvalverwerking. Moet nie die sak begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel mag gebruik nie.

Hanteer behandelde saad versigtig. Merk sakke wat behandelde saad bevat duidelik "GIFTIG".

Moenie sakke vir enige ander doel hergebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING :

Vir weerstandsbestuur is **Octave®** as 'n Groepkode 3 swamdoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Octave®**, of enige ander Groepkode 3 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal moontlik nie deur **Octave®** of enige ander Groepkode 3 swamdoder, beheer word nie.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedende swamme moeilik is om te bepaal voor swamdoder toediening plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat behandelde gebiede met gereelde intervalle ondersoek word om weerstand vroegtydig te identifiseer. FMC Chemicals (Edms) Bpk. sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die swamme as gevolg van onvoldoende swam weerstandsbestuur soos aangedui op die etiket nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe, herhaaldelike gebruik van swamdoders in dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheer programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste verspreider verteenwoordiger.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID:

Octave® is verenigbaar met swamdoders en insekdoders wat algemeen op rose gebruik word, behalwe dié wat swael of koper bevat. Dit kan ook gemeng word met **Wuxal 3:2:1** (Reg. Nr. K4039) blaarkunsmis, wat terselfdertyd die spuitmengsel sal buffer teen pH 6,5 indien gebruik soos aanbeveel.

MENGINSTRUKSIES:

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Meng die benodigde hoeveelheid **Octave®** vooraf met 'n klein volume water tot 'n gladde room. Roer die water in die spuittenk tydens die byvoeging van die vooraf-verroomde produk. Vul die spuittenk met water tot by die verlangde vlak terwyl daar voortdurend geroer word om deeglike vermenging te verseker. Handhaaf roering tydens bespuiting. Aangemaakte spuitmengsel moet nie in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd nie, bv. oornag. Maak seker dat die mengsel vir 'n paar minute geroer word voordat voort gegaan word met bespuiting na 'n onderbreking van spuitproses bv. na etenstyd.

TOEDIENINGSTABEL:

GEWAS EN SIEKTES	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS – SLEGS MOERE Antraknose (<i>Colletotrichum coccodes</i>) Silwerskurf (<i>Helminthosporium solani</i>)	300 g / 1 000 kg saad	Dien toe as 'n Lae Volume (LV) bespuiting in 2 – 3 ℓ water / 1000 kg saad. Verseker egalige bedekking van die totale oppervlakte van die moere. Die “Spraymister” toediener word aanbeveel aangesien die apparaat spesifiek ontwerp is vir die behandeling van saadaartappels. Dien die laer volume toe op moere wat uit sanderige grond gehaal is en die hoër volume op moere wat uit kleigrond gehaal is. Behandel aartappels wat as moere gebruik gaan word net na oes, opgevolg met 'n tweede behandeling ongeveer 14 dae voor plant. Verwys na “Belangrike Notas” 1 tot 5.
APPELKOSE, PRUIME EN PERSKES Bloeiselversenging	25 g / 100 ℓ water	Dien toe as 'n hoë volume bespuiting teen 1 200 - 2 000 ℓ spuitmengsel / ha. Begin toedien wanneer 5% van bloeisels in ballonstadium is. Herhaal elke 6 - 7 dae tot en met 100% blomblaarval.
MANGO'S Poeieragtige skimmel (<i>Oidium mangiferae</i>) Bloeiselvlek (<i>Alternaria alternata</i> , <i>Colletotrichum gloeosporioides</i>)	25 g / 100 ℓ water	Dien toe as 'n hoë volume bespuiting beginnende by 20 - 50% blom en herhaal met 14 dae tussenpose tot en met 100% blomblaarval. Wissel af met middels met 'n ander werkingsmetode. Die bogenoemde toediening sal bloeiselversenging (<i>Dothiorella dominicana</i>) onderdruk tot 'n vlak van 74%.
GEKWEKTE SAMPIOENE (<i>Agaricus bisporus</i>) Droëmol (<i>Verticillium fungicola</i>) Natmol (<i>Mycogone perniciosa</i>)	<u>Eerste toediening:</u> 3 g/m ² in 1 ℓ water <u>Tweede toediening:</u> 1,2 g/m ² in 1 ℓ water	Water in 7 - 9 dae na bedekking ("casing"). Water in as sampioene vir die tweede keer uitloopsels maak, d.w.s. na die eerste "breek".
ROSE Swartvlek (<i>Diplocarpon rosae</i>)	100 - 150 g/100 ℓ water	As voorkomende behandeling, dien die laer dosis toe met 7 - 10 dae tussenpose. Gebruik die hoër dosis as die moontlikheid vir die siekteontwikkeling hoog is. As korrektiewe behandeling, spuit die hoër dosis twee maal 5 dae uitmekaar en daarna elke 7 dae totdat siektesimptome verdwyn. Indien nodig mag 'n benatter by die spuitmengsel gevoeg word.

<p>ROSE</p> <p>Poeieragtige skimmel (<i>Sphaerotheca pannosa</i>)</p>	<p>100 - 150 g/100 l water</p>	<p><u>Slegs voorkomende behandeling:</u> Dien as 'n voldekbepuiting toe elke 7 dae en gebruik die hoër dosis wanneer die moontlikheid van siekteontwikkeling hoog is (bewolkte weer, hoë humiditeit).</p>
<p>EUCALYPTUS SAAILINGE EN STEGGIES</p> <p>Vir die bevordering van oorlewing, wortelvorming en groeikrag</p>	<p>100 g plus 480 ml Previcur N (Reg. Nr. L3394) per 100 l water</p>	<p>Dien 3 l van die mengsel /m² as 'n deurweking toe op saadbakke onmiddellik na saailinge / steggies geplant is. Toediening mag herhaal word indien nodig.</p>

BELANGRIKE NOTAS:

1. Om voldoende en egalige bedekking met lae volume behandeling te verseker, is dit krities dat die korrekte toerusting, wat korrek gekalibreer is, gebruik word. Verwys na die publiskasie "Riglyne vir lae volume behandeling van aartappelmoere", beskikbaar by die LNR Instituut vir Landbou-Ingeneurswese, Pretoria (Tel 012 8041559).
2. Dien **Octave®** slegs eenkeer op dieselfde lot aartappelmoere toe. Dit word aanbeveel dat **Octave®** met ander middels wat vir die beheer van antraknose en/of silwerskurf geregistreer is, byvoorbeeld **Celest 100 FS** (Reg. Nr. L6173) en **Rhapsodie** (Reg. Nr. L6172) afgewissel word.
3. **Octave®** is slegs doeltreffend indien behandelde moere in grond geplant word wat nie met die antraknose-swam besmet is nie.
4. Moerbehandeling met **Octave®** beskerm nie die nageslagknolle van behandelde moere vir 'n onbepaalde tydperk teen die siektes nie. Nageslag knolle van behandelde moere moet dus uitgehaal word sodra dit oesgereed is en weer behandel word, indien dit vir saad bestem is.
5. Moere moet relatief skoon wees wanneer dit met **Octave®** behandel word. Grond en ander deeltjies wat aan die moere kleef, mag voldoende bedekking verhinder.

FMC Chemicals (Edms) Bpk erken die volgende:

Celest® is 'n geregistreerde handelsmerk van Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk.

Previcur®, Rhapsodie® en **Wuxal®** is geregistreerde handelsmerke van Bayer CropScience AG, Duitsland

© FMC Chemicals (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.